STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 27 - 2017 • EDITION 27 - 2017

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners,

Ongelukkig moet ek hierdie maand op 'n hartseer noot begin. Onlangs is almal in die groter Stellenbosch area geruk deur skokkende misdade. Hannah Cornelius is ontvoer en vermoor, haar vriend aangerand en vir dood agtergelaat en 'n 7-jarige meisie van Cloetesville is na bewering verkrag. Ons innige simpatie en gebede gaan uit na hierdie slagoffers se familie en vriende.

Hierdie gebeure het my tot stilstand geruk en het my baie nagte laat wakker lê en wroeg oor wat ek binne my beperkte mandaat kan doen vir die veiligheid van al ons inwoners.

Misdaadvoorkomming

Soos ek reeds in 'n vorige skrywe genoem het, laat die wet ons nie toe om ons eie metro polisiemag te hê nie. Ons is egter in die proses om die wetstoepassingseenheid te hersien en te vergroot. Hulle kan die SAPD help met sigbare polisiëring indien hulle so versoek word. Ek wil inwoners aanmoedig om betrokke te raak by u plaaslike buurtwag. Indien u area nie oor een beskik nie, kan u een begin. As u onseker is oor hoe om te werk te gaan kan u die Burgemeesterskomiteelid vir Veiligheid en Sekuriteit, Quintin Smit (Quintin.Smit@stellenbosch.gov.za), kontak vir meer inligting. As inwoners, kan ons so 'n bydrae maak om die sigbare polisiëringsnetwerk te versterk en so misdaad help voorkom. Ek wil u verseker dat ons alles in ons vermoë doen om die polisie en ander rolspelers by te staan om misdaad te bekamp.

Dear Residents,

Unfortunately, I have to start this month on a sad note. Recently the greater Stellenbosch Community was traumatised by shocking incidences of crime. Hannah Cornelius was kidnapped and killed, her friend viciously attacked and left for dead and a 7 year old girl from Cloetesville has allegedly been raped. Our heartfelt condolences and prayers go out to the victims' family and friends.

These events shocked me deeply and have kept me up many nights since then thinking about what I, with my limited mandate, could do for the safety of our residents.

Crime prevention

As I mentioned in a previous communication, the law does not allow us to have a metro police force. We are however in the process of reviewing and expanding our law enforcement unit. They can assist the SAPS with visible policing in case they are requested to do so. I want to encourage residents to become involved with a local neighbourhood watch. If your area does not have one, you can start one. If you are unsure on how to go about establishing a neighbourhood watch, please contact our Mayoral Committee member for Safety and Security, Quintin Smit (Quintin.Smit@stellenbosch.gov.za). As residents, we can contribute by strengthening visible policing and so help to prevent crime. I want to assure you that we are doing everything in our power to assist the police and other role players to prevent crime.

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Vlak 4 Waterbeperkings
Level 4 Water Restrictions
bl/pg 4

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

'n Nuwe toepassing

Ons is tans besig met 'n baie opwindende toetslopie vir 'n nuwe toepassing (app) wat op slimfone gelaai kan word om mense in 'n noodsituasie te help. Die Munisipaliteit het so pas 'n ses maande ooreenkoms geteken met skeppers van die Namola-toepassing. Hierdie toepassing dien as 'n mobiele paniekknoppie. Wanneer dit gedruk word ontbied dit die naaste wetstoepassingshulp deur middel van u GPS-koördinate. Die toetslopie word tans gratis aan die Munisipaliteit gebied waarna ons die sukses daarvan sal oorweeg en 'n moontlike ooreenkoms met die skeppers sal sluit. Verskeie rolspelers, insluitend munisipale wetstoepassing neem deel hieraan. Al wat u moet doen is om die toepassing op u foon af te laai en dit te aktiveer. In die geval van nood, gebruik u dan die Namola-toepassing om die naaste hulp te ontbied. Die Namola-toepassing is beskikbaar op die iTunes- en Google play-winkels en kan op enige iPhone- of Android-toestel gelaai word. Laat weet ons gerus wat u ervaring met die toepassing is. Uiteraard verwag ons aanvanklik geboortepyne met so 'n nuwe stelsel en u terugvoering sal ons help om hierdie probleme uit te stryk. Skryf gerus vir my! Dit is 'n innoverende stap in die stryd teen misdaad en u terugvoering is vir ons belangrik.

Spaar asb water!

Ons is dankbaar vir die lekker reën van die afgelope tyd. Dit is egter net 'n klein bydrae en nog glad nie genoeg om die ernstige droogte te breek nie. Die Raad het dan ook ons gebied nou tot rampgebied verklaar. Ons vind egter steeds dat daar mense is wat nou dink dat die droogte verby is. Hulle gebruik water net soos hulle wil en gee glad nie agting aan die waterbeperkings nie. Die huidige vlak 4 waterbeperkings sal geld tot en met verdere kennisgewing. Ek wil u dus daaraan herinner dat u water uiters spaarsamig moet gebruik. Elke inwoner moet sy gebruik probeer beperk tot 100 liter per dag. Die vlak 4 waterbeperkingstariewe tree nou in en is nodig om waterverbruik te beperk en om onnodige vermorsing te beperk. Ek doen weer 'n ernstige beroep op elkeen van u, SPAAR ASB WATER! Praat ook met u bure, kinders, vriende en selfs werknemers daaroor. Ons moet bewustheid skep oor die probleem en mekaar verantwoordbaar hou. Indien ons dieselfde reënval kry as verlede jaar, sal ons damme steeds leegloop in Mei 2018!

'n Groot dankie

'n Groot dankie aan die inwoners van Wyk 2 in Franschhoek wat fluks en vinnige bystand gelewer het in Langrug tydens hierdie krisis. Ek is trots om te sien en ervaar hoe ons gemeenskap saamstaan.

Die koue weersomstandighede het ook die behoefte in arm gebiede beklemtoon vir artikels soos klere en komberse. Ons gemeenskap het ook na my oproep met sakke komberse, klere en ander huisartikels by my kantoor opgedaag. Baie, baie dankie aan elke inwoner wat 'n bydrae gemaak het. Mag u geseën word hiervoor. U kan gerus wees dat ek dit goed aanwend en persoonlik toesien dat dit 'n werklike nood in die gemeenskap verlig. Indien u steeds 'n bydrae wil maak kan u my kantoor kontak en met Carmen praat. Skakel haar gerus by 021 808 8002.

A new app

We are currently busy with a very exciting test run for a new application (app) that can be downloaded onto any smartphone to assist people in need. The Municipality just signed an agreement for 6 months with the creators of the Namola-app. This app functions as a mobile panic button. When it is pressed, it summons law enforcement assistance to your location by providing your GPS-coordinates. This test run is being provided to the Municipality for free. After the test period the success of test run will be considered and a longer term agreement may follow. Various stakeholders including the Municipal Law Enforcement are partaking in the trial. All you need to do is to download the app on your phone and to activate it. In case of emergency, you will use the Namola-app to summons help. The Namola-app is available in the iTunes and Google Play Stores and can be installed on any Android or iPhone device. Please let me know about your experiences with the app is. We do except some teething problems during this test phase and your feedback will help in ironing out any issues. It is an innovate step in our efforts to prevent crime and your feedback is important.

Please save water!

We are grateful for the rain we recently received. It is however a very small contribution to what is needed and it is not nearly enough to break the severe drought. We do find that there are people who are under the impression the drought has now passed! They use water as they see fit and without any regard for the water restrictions in place. The current level 4 water restrictions will remain in place until further notice. I want to remind you to use water very sparingly. Every resident must try and limit their daily use to 100 litres. The level 4 water restriction tariffs has now kicked in and is aimed at saving water and restricting water wastage. I again urge every resident to PLEASE SAVE WATER! Talk about this with your neighbours, children, friends and even your employer. We need to create awareness about this and hold one another accountable. If we receive the same amount of rain as in 2016, we will have no surface water left by May 2018!

A big thank you

A big thank you goes out to the residents of Ward 2 in Franschhoek, who quickly rendered assistance in Langrug during the crisis. I am so proud to see and experience how our communities unite in a time of need.

The cold weather highlighted the need in poor communities for articles like clothes and blankets. Our community also heeded my call and bags full of clothes, blankets, shoes and other articles was delivered to my office. Thank you so very much to every resident who made a contribution. May you be blessed for this. You can be assured that I will use it well and will personally see to it that it provides true relief in the community. You are welcome to make more donations to my office. Please contact my office on 021 808 8002 and speak to Carmen.

Mandela-dag

Op 18 Julie herdenk ons die geboortedag van ons geliefde Madiba, oud-president, Nelson Mandela. Ter herinnering aan sy nalatenskap word die dag gevier as Mandela-dag en mense regoor die wêreld word aangemoedig om die dag te vier deur 67 minute van die dag te wy aan minder bevoorregte mense se behoeftes. Ek neem al vir jare aan hierdie inisiatief deel en gaan werk altyd in 'n arm gemeenskap. Ek wil u ook aanmoedig om ook 'n goeie doel te vind waar u tyd 'n verskil kan maak. Raak asseblief betrokke by projekte wat omsien na die weerlose mense in ons gemeenskappe. Dis wonderlik hoe 'n mens weer opnuut jou seëninge waardeer as jy ander wat swaarkry, help. Die uitdagings wat ons tans in ons land ervaar is baie groot en daar is altyd plek vir nog helpende hande. Vind iets waaroor u passievol is en onderneem om aktief by hierdie projek betrokke te raak, nie net vir 67 minute nie, maar vir 'n langer tyd as u kan. As u nie 'n projek kan vind, kan u gerus u wyksraadslid kontak en by hulle projekte inskakel.

Mandela Day

On 18 July, we commemorate the Birthday of our beloved Madiba, former president, Nelson Mandela. In memory of his legacy, we celebrate this day as Mandela Day. People across the world are encouraged to celebrate by donating 67 minutes of their day to less fortunate people and their needs. I have taken part in this initiative for years and will again work in a poor community. I want to encourage you to find a good cause where you can give your time to make a difference. Please get involved with projects that look after vulnerable people in our communities. It is wonderful how you once again appreciate your blessings when you assist others. The challenges we currently face in our country is very great and there is always space for a helping hand. Find a cause about which you are passionate and become actively involved with this project, and not just for 67 minutes but for longer if you can. If you cannot find a project, please contact your ward councillor and connect with their projects.

Jeugmaand

Junie was mos Jeugmaand en ek was so trots om by die gradueringsplegtigheid te wees van 13 pragtige jongmense wat opleiding in die gasvryheidsbedryf ontvang het. Dit was een van my eie Burgemeesters Vaardigheidsontwikkelingprojekte en al help dit net 'n paar mense, maak dit 'n verskil aan baie gesinne se leefstyl. Nog jong mense het vaardigheidsopleiding ontvang as skrynwerkers, loodgieters en bouers. Hierdie jongmense kom van regoor ons munisipale gebied. Ai, ek wens ek het meer fondse gehad om meer jongmense te bemagtig. Dit was so lekker om te sien hoe die Stellenbosch Kunsvereniging kunsprogramme aangebied het by van ons biblioteke. Hulle het alles verskaf wat moontlik nodig is vir die klasse en die biblioteke het aktiwiteite aangebied en uitstallings gehou om bewussyn te skep oor Jeugmaand.

Youth Month

June was Youth Month and I was so proud to attend the graduation of 13 young people who received training in the hospitality industry. This was one of my own Mayor Skills Development Projects and although it assists only a fee people, it does impact the lives of many families. Another group of Youth received training to become carpenters, plumbers or builders. These young people come from across our municipal area. Oh, how I wish I had more funds to empower even more young people. It was so good to see how the Stellenbosch Arts Association presented programs at some of our libraries. The provided all the necessary supplies. The libraries had activities and exhibits to create awareness about Youth Month.

Baie, baie dankie aan die volgende mense vir hul skenkings:

- Sarah van La Residence
- Monica & Garth Van Zyl
- Bridge House
- Stuart Downie
- Duran Natus
- The Foliage Restaurant, Nicholas Oosthuizen
- Myles Agar
- Geraldine Kessner
- Monstrance Digital Art Studio
- Ashley Bauer
- Natie Ferreira
- Rhenish Girls' High School
- Die anonieme skenkers

Mayor Gesie Van Deventer (in red) and Councillor Aldridge Frazenburg (in the yellow and black check shirt) with the group of students.

Toerisme

Ek het onlangs 'n vergadering belê met al ons area se toerisme-sektor hoofde. Die doel van die vergadering was om te beplan aan ons pad vorentoe. Toerisme is een van die dorp se groot ekonomiese steunpilare en werkverskaffers.

Dit is 'n uitdaging om hierdie sektor verder uit te brei. Daar kom baie opwindende projekte na ons dorpe wat ons gasvryheidsektor sal help in hierdie moeilike ekonomiese tye.

Winter is hier!

Na die uitmergelende droë somer is die winter vir my so 'n welkom gesig, ek geniet met groot plesier die kaggelvuur, 'n glasie goeie Stellenbosch wyn en lekker sop. Dit is so lekker om hierdie winter tradisies te herleef terwyl die bome hul goudgeel blare oraloor laat val. Ek hoop u het soortgelyke tradisies wat u saam met vriende en familie deel gedurende die wintermaande.

U is welkom om vir my te skryf hieroor en tradisies te deel wat uniek is aan ons dorpe.

Groete,
Burgemeester Gesie

Tourism

I recently called a meeting with all the tourism sector heads in our area. The purpose of this meeting was to plan the way ahead. Tourism is one of our towns' big economic pillars and job creators.

It is a challenge to further expand this sector. There are many exciting projects coming to our towns that will assist the hospitality industry during these difficult economic times.

Winter is here!

The winter is so welcome after the hot summer and I am enjoying my fireplace, a glass of good Stellenbosch wine and delicious soup. It is so nice to relive these winter traditions while the trees drop yellow leaves all over. I hope you have similar traditions you share with family and friends.

You are welcome to write me and share the traditions which are unique to our towns.

Regards,
Mayor Gesie

VLAK 4 WATERBEPERKINGS

SPAAR WATER

GEEN opvul of volmaak van swembad



Rapporteer wateroortredings
021 808 8215 / 8953

LEVEL 4 WATER RESTRICTIONS

SAVE WATER

ONLY 100L water usage per person per day

Report water transgressions
021 808 8215 / 8953